SAKE 24 (Beeld)
07 Mar 2012, p.2

OTM-onttrekkings bly stewig

OTM-gebruikers het verlede maand ietwat minder geld onttrek as in Januarie. Dit was egter die hoogste gemiddelde Februarie-onttrekking die afgelope vier jaar.

Die Spark-kontantindeks (SCI), wat die gemiddelde waarde van kontantonttrekkings by 1 500 OTM'e oor die land heen meet, toon 'n effense daling van 1,31% op 'n maandgrondslag tot R412 per transaksie. Dié daling is kleiner as die 8,81% op 'n maandgrondslag wat in Januarie aangeteken is. Op 'n jaargrondslag was die onttrekkings verlede maand 1,93% meer as 'n jaar tevore, volgens Spark ATM Systems. – **Letitia Watson**